

Hoërskool Brandwag

November 2017

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE

Graad 11

Vraestel 2 – Geskrewe

MEMORANDUM

TYD: 3 UUR

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit **9** bladsye (titelblad ingesluit)

Afdeling A

Vraag 1

1.1	1.2	1.3	1.4	1.5	1.6	1.7	1.8	1.9	1.10
G	O	Q	D	L	B	P	I	S	M
AUP	6 ms	CSV	Resolusie	WordPress	Import	UTP	QuickTime	WLAN	GPS

✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓

[10]

Vraag 2

[Let op: Aanvaar die korrekte antwoord selfs as 'Onwaar' nie aangedui is nie]

- 2.1 Onwaar — optiese ✓ (1)
2.2 Waar ✓ (1)
2.3 Onwaar — vesel ✓ (1)
2.4 Waar ✓ (1)
2.5 Waar ✓ (1)

[5]

Vraag 3

3.1	3.2	3.3	3.4	3.5	3.6	3.7	3.8	3.9	3.10
C	D	B	B	D	B	C	A	C	B

✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓

[10]

Afdeling B

Vraag 4: Stelseltegnologieë

- 4.1.1 2.8 GHz ✓ (1)
4.1.2 Enige EEN van: ✓
• Die feit dat dit 'n raakblad het
• Skermgrootte 15.6" kry mens in skootrekenaars, nie in tafelrekenaars nie (1)
4.1.3 Enige EEN voordeel van: ✓
• Draagbaarheid / mobiliteit
• Neem minder fisiese spasie in beslag / geïntegreerde onderdele (1)
4.1.4 (a) 1024 GB (Aanvaar 1000 GB) ✓ (1)
(b) Funksie van stoor is om al die data / programme permanent te stoor ✓
Geheue is 'n tydelike area om programme / data wat tans verwerk word, te hou ✓ (2)
(c) Hoe groter die geheue, ✓
hoe meer programme & data kan gelyktydig gelaai en verwerk word ✓ (2)

- 4.1.5 Dit verwys na die grootte van die monitor, ✓
diagonaal oor die skerm gemeet ✓ (2)
- 4.1.6 Die gebruik van unieke fisiese eienskappe van mense (bv. hul vingerafdrukke), om die persoon te identifiseer ✓
Die *flash*-skyf sal 'n vingerafdrukskandeerder hê, sodat net die eienaar daarvan in staat sou wees om toegang tot die lêers daarop te kry deur sy of haar vingerafdruk te laat skandeer ✓ (2)
- 4.1.7 Enige TWEE nadele (behalwe internetkonneksievereiste) van: ✓✓
 - Sekere data (groot lêers) mag onbruikbaar oor stadige konneksies wees
 - Moet dalk betaal vir bandwydte (CAP) en ekstra stoorspasie op die bediener
 - Jy het geen beheer oor rugsteun nie
 - Jy het geen beheer oor sekuriteit nie
 - As maatskappy bankrot speel kan jy al jou data verloor (2)
- 4.2 Enige TWEE tegniese spesifikasies (behalwe spoed) van: ✓✓
 - Resolusie (in DPI)
 - Maandelikse dienssiklus (*duty cycle*)
 - Aantal kleure / inkhouders
 - Papieropsies / laaie beskikbaar
 - Koordlose vermoëns, ens.

[Moenie nie-tegniese spesifikasies soos fabriikaat / model, ens. aanvaar nie] (2)
- 4.3.1 'n Program kan sy lêers in baie verskillende lêergidse stoor en jy kan nie seker wees dat jy al die dele van die program heeltemal verwyder het nie ✓ (1)
- 4.3.2 Voer 'n spesifieke *uninstall*-program uit ✓ (1)
- 4.4 Enige EEN rede van: ✓
 - Verander die formaat waarin die lêer gestoor is (lêeruitbreiding)
 - Voeg 'n wagwoord by die lêer
 - Pers prente saam
 - Skep 'n duplikaatkopie, ens. (1)
- 4.5 Enige TWEE kriteria (behalwe lêernaam) van: ✓✓
 - Lêergrootte
 - Tipe lêer (uitbreiding)
 - Wanneer geskep / laas gewysig
 - Outeur
 - Enige unieke stukkie teks wat deel van die lêer vorm, ens. (2)
- 4.6 Enige TWEE redes van: ✓✓
 - Stadig
 - Beperkte kapasiteit
 - Beter opsies beskikbaar (bv. *flash*-skywe, *cloud*-stoordiens)
 - Nie alle masjiene het CD/DVD-aandrywers nie
 - Media kan maklik gekrap / beskadig word, ens. (2)

- 4.7 Herformatering verwyder alle bestaande data van die skyf af ✓
'n *Flash*-skyf het baie minder data daarop gestoor (baie kleiner kapasiteit as 'n hardeskyf), en gewoonlik is geen programmatuur of bedryfstelsel daarop geïnstalleer nie, wat dit baie meer 'aanvaarbaar' maak as alle data daarop verlore sou gaan ✓ (2)
- [25]

Vraag 5: Internet- en Netwerktegnologieë

- 5.1.1 'n Bedienerrekenaar verskaf bronne / dienste in 'n netwerk ✓
'n Kliëntrekenaar gebruik bronne / dienste wat deur bedieners in 'n netwerk voorsien word ✓ (2)
- 5.1.2 Dit stoor (*cache*) webblaaie wat onlangs besoek is, op die skyf ✓ (1)
- 5.2.1 Enige TWEE voordele van: ✓✓
- Maklik om rekenaars by te voeg of te verskuif (aangesien netwerkpunte nie vas is nie)
 - Installasie is makliker (aangesien kables nie deur mure aangelê hoef te word nie, ens.)
 - Voeg mobiliteit by vir gebruikers met mobiele toestelle (slimfone, ens.)
 - Minder kans dat skade weens ongelukke sal voorkom (mense wat oor kables struikel, ens.) (2)
- 5.2.2 Enige EEN nadeel van: ✓
- Duur
 - Moeilik om daarmee te werk of te installeer / kan maklik beskadig (1)
- 5.3 Enige TWEE maniere van: ✓✓
- Skakels moet werk
 - Skakels moet op 'n standaard manier geformateer wees
 - Skakels moet kort wees
 - Skakels moet maklik verstaanbaar wees
 - Skakels moet in konsekwente posisies geplaas wees, ens. (2)
- 5.4 Spioenware / *Spyware* (aanvaar ook *keylogger*) ✓ (1)
- 5.5 'n Spesifieke area ✓
waarin jy 'n koordlose (WiFi-) konneksie tot die Internet het ✓ (2)
- 5.6 Enige TWEE wenke (behalwe 'n goeie wagwoordbeleid) van: ✓✓
- Moenie openbare rekenaars vir banksake gebruik nie
 - Verseker dat stelselprogrammatuur (ook antivirusprogrammatuur) op datum is / korrekte weergawe is
 - Moenie die rekenaar sonder toesig laat terwyl jy op 'n bankwebtuiste ingelog is nie
 - Volg sekuriteitswaarskuwings op bank se webtuiste
 - Wees versigtig vir mense wat oor jou skouer loer wanneer jy wagwoorde intik, ens.
 - Beskerm jouself teen *phishing* (bv. moenie op skakels in e-posse klik nie, tik volledige URL vir jou bank in adresbalkie van webblaaier) (2)

- 5.7.1 Enige EEN voordeel van: ✓
- Kan toegang tot jou e-pos via 'n webblaaier kry, vanaf enige plek of toestel wat 'n internetkonneksie het
 - Geen koste vir die e-posrekening self nie (maar daar mag koste aan die internettoegang verbonde wees)
- (1)
- 5.7.2 Enige EEN manier (behalwe via e-pos) van: ✓
- FTP
 - *Cloud*-stoor
- (1)
- [15]**

Vraag 6: Inligtingsbestuur

- 6.1 Wat sou die antwoord wees as die respondent een gebruik, maar nie die ander nie – of selfs nie een van die twee nie? ✓
- (1)
- 6.2 Enige TWEE kriteria (behalwe geldeenheid / datum waarop gepubliseer of opgedateer) van: ✓✓
- Gesag / objektiviteit / affiliasie
 - Dekking / skakel met ander bronne / 'diepte'
 - Gehoor / ouderdomsgroep wat jy in gedagte het
 - Akkuraatheid
- (2)
- 6.3 Verwyder blanko kolom D ✓
- Gee elke kolom 'n opskrif (wat die veldnaam vir daardie kolom sal word) ✓
- Skep aparte kolomme vir naam en van ✓
- (3)
- 6.4 Enige EEN probleemoplossingshulpmiddel van: ✓
- Sortering
 - Filtrering
 - Grafieke
 - Voorwaardelike formatering, ens.
- (1)
- 6.5 Enige EEN rede van: ✓
- Makliker om statistiese berekeninge uit te voer op data wat 'n vaste gebied of stel waardes het
 - Kleiner moontlikheid dat ongeldige data aangebied sal word en deel van die resultate sal vorm, ens.
- (1)
- 6.6 Enige TWEE praktiese wenke van: ✓✓
- Proeflees 'n hardekopie
 - Doen 'n speltoets
 - Kry iemand anders om die verslag te proeflees
- (2)
- [10]**

Vraag 7: Sosiale Implikasies

- 7.1.1 Enige TWEE toestelle van: ✓✓
- Oogvolgtoestelle / Toestelle wat met oogbeweging werk
 - Kopbewegingtoestelle / Toestelle wat met kopbeweging werk
 - Groot sleutel-sleutelborde
 - (Groot) *trackballs*
 - *Joysticks*
 - Voetpedaalbeheertoestelle / Toestelle wat met voetpedale beheer word
 - Suig-en-blaastoestelle, ens.
- [Let wel: antwoord moet met *apparatuur* te doen hê, en spesifiek motoriese probleme aanspreek] (2)
- 7.1.2 Blindheid / visuele gestremdheid ✓ (1)
- 7.2 Enige EEN maatreël (behalwe kettings / kabelslotte) van: ✓
- Kabinette wat gesluit kan word
 - Die beperking van fisiese toegang (wagte, diefwering, geslote deure, ens.)
 - Tracking toestelle
 - Bewegingsensors (met alarms), ens. (1)
- 7.3 Dis 'n stel dienste wat jy huur volgens jou behoeftes (bv. diens van assistent, posadres) ✓
- Hoofvoordeel is vermindering van uitgawes (d.w.s. goedkoper as om werkers as werknemers in diens te neem / die dienste te besit) ✓ (2)
- 7.4 Enige EEN visuele aanduiding van: ✓
- URL begin met https://
 - Ikon van slotjie word op die webblad vertoon (1)
- 7.5 Misdadiger stuur aan jou 'n e-pos (na bewering van 'n wettige bron, bv. 'n finansiële instelling), en versoek dat jy op 'n skakel klik (om kamma jou bankbesonderhede op te dateer, ens.) ✓
- 'n Skakel in die e-pos herlei jou na 'n vals webtuiste (waar persoonlike besonderhede – PIN-kode ens. – onderskep / gesteel word deur die misdadigers – identiteitsdiefstal) ✓ (2)
- 7.6 Sosiale manipulasie omseil wagwoorde; dit maak staat op die gewillige samewerking van mense (deur misleiding / manipulerings) om hul wagwoorde gewilliglik te verskaf ✓ (1)

[10]

Vraag 8: Oplossingsontwikkeling

- 8.1 Voeg twee seksie-onderbrekings in (sodat bladsy 3 in sy eie seksie is) ✓
- pas landskapformatering op daardie seksie toe ✓ (2)
- 8.2 Byskrif / Caption ✓ (1)
- 8.3 Possamevoeging / Mail merge ✓ (1)

- 8.4.1 B (Naam) en C (Van) ✓ (1)
- 8.4.2 Kolom te smal ✓ (1)
- 8.4.3 COUNTIF ✓ (1)
- 8.4.4 Die selverwysings verander wanneer die formule in sel F3 afgekopieer word, dus sal die selverwysing vir sel F2 ook verander ✓
Absolute verwysing moet toegepas word ✓
 [Aanvaar korrekte formule vir 2de punt, d.w.s. =E3/F\$2 of =E3/\$F\$2] (2)
- 8.5.1 Nee ✓
 'n Primêre sleutel is 'n veld wat unieke waardes vir elke rekord moet bevat (en mag nie blanko waardes bevat nie) ✓ (2)
- 8.5.2 Performer-veld ✓
 Die meeste van die waardes is 'Yes', en die data-invoerder sou baie tyd spaar as hierdie veld outomaties ingevul is wanneer 'n nuwe rekord bygevoeg word ✓ (2)
- 8.5.3 Grade — Number ✓
 Performer — Yes/No (*Boolean*) ✓ (2)

[15]

Afdeling C

Vraag 9: Geïntegreerde Scenario

- 9.1.1 Albei word gebruik vir identifikasie / opspoor / inventaris / voorraadbeheer, ens. ✓ (1)
- 9.1.2 (Inhoud van) RFID-skyfies kan koordloos / op 'n afstand gelees word ✓
 [Moenie antwoorde rakende spoed of hoeveelheid data gestoor aanvaar nie] (1)
- 9.2.1 Enige TWEE nadele van: ✓✓
 - Data op elke aandrywer moet afsonderlik gerugsteun word
 - Werklading / data kan nie so geredelik gedeel word nie
 - As die hardeskyf faal sal data wat nie gerugsteun is nie verlore wees
 - Neem langer om programmatuur te installeer as wanneer dit via 'n netwerk gedoen word
 - Kan nie apparatuur soos 'n drukker deel nie, ens. (2)
- 9.2.2 'n 2.5" -eksterne hardeskyf kry sy krag van die USB-poort / benodig nie 'n eksterne kragbron of *adaptor* nie (anders as die geval met 'n 3.5" eksterne hardeskyf) ✓ (1)
- 9.3 Om 'n kopie van die data weg van die perseel te hê (in geval van 'n ramp, ens.) ✓ (1)
- 9.4 Enige TWEE redes van: ✓✓
 - Voorkom verspreiding van kwaadwillige programmatuur (aanvaar een voorbeeld, soos virusse, spioenware, ens.)
 - Voorkom verwydering van vertroulike inligting soos punte
 - Voorkom dat gebruikers programmatuur installeer of programme (bv. speletjies) laat uitvoer (2)

- 9.5.1 Ja – DVD-aandrywer kan CD-skywe lees ✓
 [Moenie punt toeken as geen motivering aangebied word nie] (1)
- 9.5.2 Enige TWEE redes van: ✓✓
- Goedkoop soort stoormedia
 - Om oorspronklike lêers te bewaar / te verseker dat lêers nie verander kan word nie (CD's is in die praktyk slegs *read-only*)
 - Potensieel laer risiko vir die verspreiding van kwaadwillige programmatuur (in teenstelling met *flash-skywe*), ens. (2)
- 9.6.1 Om krag te verskaf in die geval van kragprobleme ✓ (1)
- 9.6.2 Dit is waarskynlik die beste om die UPS aan die (lêer-) bediener te koppel ✓ sodat geen data op die bediener verlore raak of korrup word nie (dit is belangriker om lêers / data op die bediener behoue te laat bly as op 'n kliënt of werkstasie) ✓ (2)
- 9.7 Defragmentasie korrigeer fragmentasie van 'n skyf (waar dele van lêers oor 'n skyf 'versprei' is), deur die dele van die lêers weer bymekaar te voeg ✓
 Die doel is om toegang tot die lêers (en oopmaak daarvan) vinniger te maak ✓
 Skyfdefragmentasie sal nie beskikbare skyfspasie vermeerder nie ✓ (3)
- 9.8 Ja dit sou saak maak – Yahoo! is nie 'n webblaaier nie ✓
 terwyl die ander twee (Internet Explorer en Mozilla Firefox) wel webblaaiers is ✓ (2)
- [19]**

Vraag 10: Geïntegreerde Scenario (vervolg)

- 10.1.1 'n Drukstuk ✓ (1)
- 10.1.2 Skandeer die dokument ✓ en gebruik OCR-programmatuur ✓ (om na redigeerbare teks om te skakel) (2)
- 10.2.1 Kan moontlik koordloos (via WiFi) konnekteer ✓
 om die roeteerder / rekenaar met die ADSL-lyn te verbind ✓ (2)
- 10.2.2 'n *Firewall* is programmatuur wat monitor en beheer ✓
 watter programme toegang tot jou rekenaar van die Internet af kan kry, en omgekeerd ✓ (2)
- 10.3.1 Ingeval die gebruiker se wagwoord (sonder dat hy / sy dit weet) gekraak word / uitlek ✓ (1)
- 10.3.2 Sodat niemand die wagwoord op die skerm kan sien nie ✓ (1)
- 10.3.3 Dit bied jou die geleentheid om dubbel seker te maak dat jy die nuwe wagwoord reg ingetik het ✓ (1)
- 10.4.1 Een voordeel (behalwe beter gehalte beeld) van: ✓
- VGA is 'n analoë standaard, terwyl HDMI 'n digitale standaard is
 - HDMI kan beide (digitale) video- en klanksein in een kabel dra
 - Die meeste moderne apparaat bied net poorte vir HDMI, ens. (1)
- 10.4.2 Aspekverhouding / Aspect ratio ✓
 Gee die verhouding tussen die wydte en hoogte van die beeld ✓ (2)
- 10.4.3 Lumens ✓ (of lux – lumens per vierkante meter) (1)

10.4.4	Dropbox is 'n aanlyn stoordiens ✓ wat dit vir gebruikers moontlik maak om lêers in die <i>cloud</i> / op ('n bediener op) die Internet te stoor ✓	(2)
10.4.5	Enige EEN rede van: ✓ <ul style="list-style-type: none"> • E-pos het dikwels beperkinge op die grootte van aanhegsels • Makliker om via Dropbox te deel 	(1)
10.4.6	MP4-formaat – aangesien dit 'n videoformaat is ✓ MP3 is 'n musiek- / klankformaat ✓	(2)
10.4.7	Enige EEN ander videoformaat: ASF, AVI, FLV, MPEG, MOV, MKV, SWF, WMV, ens. ✓	(1)
10.5.1	DSLR ✓	(1)
10.5.2	Enige TWEE maniere (<u>behalwe</u> die gebruik van 'n kabel) van: ✓✓ <ul style="list-style-type: none"> • Plaas stoorkaart in gleuf op rekenaar / gebruik 'n kaartleser • Bluetooth • WiFi-diens • NFC • E-pos • <i>Cloud</i>-diens, ens. 	(2)
10.5.3	Foto's sou baie stoorspasie opneem / Kan laer resolusie kies, wat gehalte nie sigbaar sal beïnvloed nie, ens. ✓	(1)
10.6	Enige TWEE maniere van: ✓✓ <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik meer spesifieke bewoording (bv. 'modern social networking websites') • Beperk die soektog tot 'n meer onlangse tydspanne (bv. verlede jaar) • Gebruik aanhalingstekens om te verseker dat die presiese frase gesoek word ("social networking"), ens. 	(2)
10.7	Metadata is aanvullende inligting oor 'n lêer ✓ Hierdie eienskappe (bv. Author) kan gebruik word om na te gaan of die lêers van iewers af gekopieer is ✓	(2)
10.8.1	Of hulle ten minste twee ✓ jaar ondervinding het ✓ (of nie)	(2)
10.8.2	R 100 ✓	(1)
		[31]

TOTAAL: 150